MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

OB 3- 2021: ALGEMENE OUERBRIEF EN GROEPINDELING

Beste Ouers

Die eerste skoolweek is agter die rug en ons leerders het gou weer in die roetine van skandeer, dra van maskers en behou van sosiale afstand gekom. Ons graad 1's het ook goed aangepas, omdat hulle ook reeds verlede jaar aan die dra van maskers in die pre-primêre klasse moes gewoond raak.

Die feit dat ons leerders in groepe skool toe kom en ons nie al ons leerders gelyk kan laat skool toe kom nie, is sekerlik 'n frustrasie vir ouers en onderwysers. Die huidige regulasies gepubliseer in die staatskoerant as amptelike beleid, bepaal dat skole hul leerders moet infaseer soos moontlik (Staatskoerant 44154 - 12 Februarie 2021). Daar is bepaalde voorskrifte, soos die handhawing van sosiale afstand van 1m, wat nagekom moet word. Laerskool Montagu kan nie al ons leerders inpas in die lokale tot ons beskikking nie (en die regulasies nakom nie), daarom word leerders steeds in 2 groepe skool toe laat kom. Skole verskil, daarom sal almal nie leerders op dieselfde manier laat terugkeer nie. Die skoolbestuur is in deurlopende kontak met die onderwysdepartement en belanghebbende organisasies en ondersoek deurlopend maniere om die beste moontlik onder omstandighede te doen. Die akademie is uit die aard van die saak onder druk. Die Departement van Basiese Onderwys en die WKOD, het die kurrikulum herpak met 'n 3-jaar plan om alle agterstande in te haal. Onderwerpe wat bv. twee keer per jaar behandel is, word nou meer intensief een keer per jaar gedoen. Ons personeel beplan hiervolgens en alle verwagtinge van die kurrikulum word bereik.

Ek doen hierdie week weer 'n **opname** onder die ouers rakende die **wisseling van leerders**. Verlede jaar het meer as 80% ouers aangedui dat hulle wisseling op 'n week-tot-week basis verkies. Ons het nou 'n week gewissel op 'n dag-tot-dag basis en wil weer 'n opname maak insake dit wat u tans beter gaan pas. U sal 'n skakel ontvang op die WhatsApp-groepe, wat u asb. moet invul. U sal direk op die skakel kan 'kliek' en dan sal u die vraelys kan voltooi. Indien die vraelys nie direk oopmaak nie, moet u asb. die instellings op u toestel nagaan. Voltooi asb. die "link" teen Woensdag 24 februarie om 20h00.

Die **emosionele welstand** van die leerders is 'n verdere bekommernis. Ons is ongelukkig nie altyd bewus van trauma wat die leerder beleef nie (bv. 'n familielid is oorlede, angs en spanning weens die invloed van Covid-19). Ons wil vra dat u sulke uitdagings aan die personeel deurstuur, sodat ons kan opvolg en hulp kry soos nodig.

Op 24 Februarie hou ons 'n **ouer inligtingsaand vir gr. 1 en 4** ouers. Ons het besluit om net met hierdie ouers vergadering te hou, aangesien dit nuwe fases is wat die kinders betree. Die algemene inligting van die inligtingsaand is reeds na u versprei en meer spesifieke inligting per graad sal na u uitgestuur word soos nodig. Weens die beperking op spasie sal ons ongelukkig slegs een ouer per kind by die vergadering kan akkommodeer.

Sport: U is reeds bewus daarvan dat ons met atletiekoefening begin het. Ons opkoms tydens die eerste oefening was goed en leerders en personeel het dit geniet. Ons beplan om 'n "mini

Kleurebyeenkoms" te hou in die week van 23-26 Maart. Ons sal tye/afstande tydens oefeninge rekordeer en leerders die week vooraf in kennis stel van atlete wat deurdring na die byeenkoms. Slegs atlete wat deelneem (geen toeskouers) mag toegelaat word. Items sal deur die week versprei word en sal na skool plaasvind. Tennis uitspele vir die span is ook aan die gang en soos reeds deurgegee, kan slegs die tennisspan tans oefen. Afsonderlike sportbriewe sal uitgestuur word met meer inligting. Ons beplan ons sport volgens huidige regulasies, wat tans geen reis tussen skole toelaat nie. Datums mag verander, sou nuwe regulasies gepubliseer word wat 'n invloed het op ons beplanning.

Beheerliggaamverkiesing: Skoolbeheerliggame word elke 3 jaar herkies. Ons verkiesing vanjaar vind op 30 Maart 2021 plaas. U sal volledige inligtingsbriewe ontvang oor die prosedure van nominasies en die verkiesing. Ons sal gebruik maak van die amptelike skrywes van die WKOD, sodra dit beskikbaar gestel word. Die verkiesing sal die formaat van 'n 'voldag verkiesing' aanneem, wat beteken u sal deur die dag op u eie tyd kan kom stem.

Tans word onderhoudswerk aan die skool gedoen deur kontrakteurs aangestel deur die departement Openbare Werke. Die kontrakteurs kommunikeer deurlopend met die skool, sodat ontwrigting in die skool so min as moontlik is. Die kleedkamers se dak moet vervang word en op daardie stadium sal ons 'n paar interne skuiwe moet maak. Die leerders se veiligheid is deurentyd 'n prioriteit en die kontrakteurs voldoen aan streng veiligheidsmaatreëls, wat verskerp sal word wanneer bogenoemde konstruksie aan die gang is.

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
Volg ons op
sparmontagu